

**10 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 23 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 23:19-20**

### **Deur die graf in Kanaän in**

Sara het by Hebron gesterf. Sy was honderd sewe en twintig jaar oud en Isak was toe ongeveer sewe en dertig. Abraham wou Sara in Kanaän begrawe, maar hy was 'n vreemdeling en bywoner in die land. Hy het niks besit nie, nie eens 'n graf nie. Daarom onderhandel hy met die Hetiete om 'n stuk grond as begraafplaas te koop. Met Oosterse omslagtigheid word die koop beklink. So word die "*stuk grond en die spelonk wat daarin is en al die bome op die stuk grond wat op die ganse gebied daar rondom staan*" (vers 17 OAV) Abraham se eiendom. Hier is Sara begrawe. Sy het die beloofde land in besit geneem - deur die graf.

Al die klem val daarop dat hierdie graf in Kanaän geleë is. Dit is Abraham se eerste besitting in Kanaän. Só word 'n graf die teken dat Abraham en sy nageslag die land vir ewig in besit sal neem. Hierdeur word sy oë op meer as net die besit van die aardse land Kanaän gerig. Die graf getuig van meer as net die einde van die aardse lewe. Dit vestig Abraham se aandag op die hemelse vaderland (Kanaän) wat God beloof het (Hebr 11:13-16 OAV).

Die deur na die Kanaän, is die graf. Christus het daardie deur oopgemaak. Hy is die eerste Een wat by die deur ingegaan en lewend anderkant uitgegaan het. Nou is die graf vir elke gelowige die deur wat oopswaai na die hemelse Kanaän. Môre is Sondag, opstandingsdag, die dag waarop die deur finaal oopgeswaai het.

Sing: Psalm 68:9

Ds AP Krüger (Postmasburg)